

## *1.* OM JESUS TE VOLG:


Om Jesus te volg is amper soos om blind te word.
As jy vandag sou blind word, is hierdie 'n voorbeeld van van die goed wat gaan moet verander in jou lewe om dit vir jou makliker te maak om aan te pas by die blindheid. Die lysie hieronder wys ook vir jou wat in jou lewe sal moet verander as jy besluit om Jesus te volg.



## *2.* DTR die verhouding:

- waar staan JY , VANDAG met Jesus – is jy 'n 'fan' of is JY 'n 'follower'?
- ons het gesê om 'n 'fan' van Jesus te wees, kan vergelyk word met 'n toeskouer van 'n sportspan – en om 'n 'follower' te wees, as die speler
- daar is 'n groot verskil tussen die rolle en verantwoordelikheid van albei






## ***3.*** **<u>UITNODIGING: VOLG MY</u>** ***uitnodiging***


- Enige een mag Jesus volg Jesus sê in Lukas 9:23 ALMAL is welkom!
- Jy kom nes jy is met jou verlede, sonde, seer, swakheid , dwelmverslaafheid of opastandigheid niks wat jy gedoen het kan jou skei van Jesus se liefde nie.
- Geen kwalifikasies is nodig nie, die wêreld kyk na rykdom, klere, van waarvandaan jy kom ens. Jesus soek net jou opregte hart wat Hom wil volg.

**Is dié dalk een van jou redes waarom jy nog nie Jesus wil volg nie? Kyk wat sê Jesus vanaand vir jou:**



## **4. <u>KIES 'N PERSOONLIKE VERHOUDING</u>**

- As daar iets wat vanaand in die pad staan dat jy nie in 'n persoonlike verhouding met Jesus kan staan nie?
- Hoe laat dit jou voel?
- Wat gaan jy daaromtrent doen?



## 5. MEER AS NET REëLS:

- Jesus wil hê dat ons Hom moet liefhê
- Jesus wil hê dat ons kerk toe moet gaan, Bybel lees, bid en jeugsel toe kom, OMDAT ons Hom liefhet, en meer van Hom wil leer, en tyd saam met Hom wil spandeer
- Jesus wil NIE hê ons moet dit doen omdat dit 'die regte ding is' om te doen nie, maar OMDAT ek Hom liefhet!!!

## 6. DIE REIS VAN 'N VOLGELING:

- die reis van 'n volgeling begin by 'n KEUSE:
- die KEUSE om Jesus aan te neem as jou persoonlik Verlosser en Saligmaker
- die KEUSE om jou ou lewe agter te laat en 'n nuwe lewe saam met Jesus te begin
- die KEUSE om Jesus 1ste te stel, bo jou eie begeertes en wense
- die KEUSE om jou kruis op te neem en Jesus te volg, al voel dit partykeer onmoontlik
- die KEUSE om in 'n persoonlike verhouding met Jesus te staan en op te hou godsdiens speel

Wat is nodig vir hierdie reis as 'n volgeling – m.a.w wanneer jy die KEUSE gemaak het?

| **Teksvers** | **Antwoorde** |
|---|---|
| Fil 3:7 | Wat vir my belangrik was, is nie meer vir my belangrik nie |
| Fil 3:8 | Jesus is vir my die belangrikste |
| Fil 3:9 | Jesus spreek my vry / vergewe my, nie omdat ek 'n stel reëls nakom nie, maar OMDAT ek glo |
| Fil 3:13 | Ek maak my los van die ou dinge / my verlede, en ek begin 'n nuwe lewe saam met Jesus |
| Matt 16:24 | • Om jouself te verloën – laaste te stel. Wat JY wil hê is nie meer belangrik nie, maar wat Jesus wil hê<br>• Om Jesus te volg beteken om 'n kruis op te neem- Jesus 1ste te stel in ALLES wat jy doen (tyd, geld, gedrag) |
| Matt 16:25 | Om jou lewe te verloor en dit weer te vind (ou lewe opgee / nuwe lewe in Jesus begin) |

- Opsomming van 'n 'Fan' - all talk and no action
- Opsomming van 'n 'follower" – ALL in

## 7. AS JY JESUS WIL VOLG ONTHOU DIE VOLGENDE:

- **Luk 14:28-29:** Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, aan nie eers sit en die koste bereken om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie? Anders, as hy die fundament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf:

✓ hierdie is die keuse of jy bereid is om van die FAN na die FOLLOWER te beweeg – no more talk, but action. Besef VOOR die tyd dat dit jou iets gaan en moet kos
✓ jy gaan moet breek met die ou dinge in jou lewe, en JESUS en Sy wil eerste in jou lewe stel
✓ so besluit VOORDAT jy die keuse maak of jy kans sien vir dit wat Hy van jou vra as Sy Follower.
✓ Die prys wat HY betaal het vir my en jou was nie cheap nie, daarom kos dit 'n prys om Hom te volg!

- **Rom 3:23-24:** Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die Verlossing deur Jesus Christus:

✓ nie reëls en wat EK doen nie, maar wat Jesus gedoen het aan die kruis vir MY. DIT en DIT alleen is genoeg - NIKS anders nie!

- **Jes 1:18:** Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu

✓ Uitnodiging: Volg Jesus – en HY sal jou Flawless maak!

- **Joh 14:6:** Jesus het vir hom gesê: "Ek is die WEG en die WAARHEID en die LEWE. NIEMAND kom na die Vader toe behalwe deur MY nie:

✓ Kerk toe kom, Bybel lees, bid, jeugsel toe kom, om 'n goeie mens te wees kan jou nie by God uitbring nie, NET Jesus en Jesus ALLEEN!

- **Open 3:20:** Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met my:

✓ Jesus kom VANAAND voor JOU staan – en vra – wat hou jou nog terug, hoekom twyfel jy nog. Ek is lief vir jou, en wil JOU graag as my kind hê – maak VANAAND die deur oop en moenie langer wag ek twyfel nie!

- **Rom 10:9-10:** As jy met die mond bely dat Jesus die Here is, met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, SAL jy gered word:

✓ As jy GLO dat Jesus is wie Hy sê Hy is, en as jy GLO dat Hy gedoen het wat Hy gesê het Hy gedoen het – SAL jy gered word.
✓ AL wat nodig is om Hom aan te neem is geloof en die begeerte om Sy Follower te wees, en wat daarmee saamgaan

- **Rom 10:13:** Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, SAL gered word!

## 8. FLAWLESS

- Ek hoef nie sonder sonde te wees voordat ek my hart vir Jesus gee nie
- WANNEER ek na Jesus kom, DAN maak Hy my skoon, asof ek nooit sonde gehad het nie
- Wanneer God DAN na my kyk, DAN is ek "Flawless" - vlekkeloos, sonder sonde

## 9. UITNODIGING:

- Baie mense DINK hulle is oppad hemel toe, maar hulle gaan eendag hulle oë in die hel oopmaak.
- Is jy dalk een van hulle?
- Goeie mense kom nie in die hemel nie, geredde mense – mense wat Jesus aangeneem het en Hom vole – 'n Follower is – kom in die hemel.
- Waarheen is JY oppad?
- Maak NOU die keuse om Jesus te volg, om 'n Follower te word.

***'Fan' - all talk and no action***

***'Follower" – ALL in***